KENNISGEWING 35 VAN 2019

RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN WYSIGING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Ek, Dawid Jacobus Bos (ID No: 5712165113080), van die firma Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07), synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Resterende Gedeelte van Gedeelte 70 ('n gedeelte van Gedeelte 56) van die plaas Waterkloof No. 305, Registrasie Afdeling J.Q., Provinsie Noordwes en Gedeelte 233 ('n gedeelte van Gedeelte 70) van die plaas Waterkloof No. 305, Registrasie Afdeling J.Q., Provinsie Noordwes gee hiermee ingevolge Artikel 100(a) saamgelees met Artikel 69(6)(a) en Artikel 96(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) saamgelees met Artikel 17(7)(i) en Artikel 17(1)(d) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Verordening, 2018 dat 'n aansoek by die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit ingedien is om die aanvanklike aansoek vir die stigtig van die dorp Waterkloof East Uitbreiding 44 te wysig deur die wysiging van die uitlegplan en die verhoging van die digtheid van die dorp vanaf die aanvanklike dertig (30) wooneenhede per hektaar na honderd en vyftig (150) wooneenhede per hektaar soos in die Bylae hierby genoem.

Volle besonderhede en planne (indien einige) van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur Beplanning en Menslike Nedersetting, Kamer 305, Missionary Mpheni House, hoek van Nelson Mandela- en Beyers Naudelaan, Rustenburg vir 'n tydperk van 28 dae vanaf **19 Maart 2019**.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne n tydperk van 28 dae vanaf **19 Maart 2019** skriftelik en in tweevoud by of tot die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 16, Rustenburg, 0300 ingedien of gerig word.

BYLAE

***Naam van dorp*:** Waterkloof East Uitbreiding 44
***Volle naam van aansoeker*:** Dawid Jacobus Bos (ID No. 5712165113080) van die firma Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07) namens Central Property Development Johannesburg (Edms) Bpk (2004/018352/07)
***Besonderhede van wysiging*:**
Weglating van die twee (2) "Residensieel 2" erwe met 'n digtheid van 30 wooneenhede per hektaar in ooreenstemming met die Rustenburg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk Plan en die vervanging daarvan met twee (2) “Residensieel 2” erwe met ‘n digtheid van 150 wooneenhede per hektaar.
Die uitlegplan is verder gewysig om die uitlegplan te integreer met die interne padnetwerk van die aangrensende eiendom naamlik Resterende Gedeelte van Gedeelte 159 van die plaas Waterkloof No. 305, Registrasie Afdeling J.Q., Provinsie Noordwes.
***Beskrywing van grond waarop dorp gestig is*:** Resterende Gedeelte van Gedeelte 70 ('n gedeelte van Gedeelte 56) van die plaas Waterkloof No. 305, Registrasie Afdeling J.Q., Provinsie Noordwes en Gedeelte 233 ('n gedeelte van Gedeelte 70) van die plaas Waterkloof No. 305, Registrasie Afdeling J.Q., Provinsie Noordwes.
***Ligging van voorgestelde dorp*:** Geleë aanliggend en ten weste van die Rustenburg-Johannesburg Pad (P16-1), ten suide van die Waterfall Mall Streekwinkelsentrum en ten suide van Waterbergstraat.

Adres van gemagtigde agent: Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07), @ Office Gebou, Brinkstraat 67, Rustenburg, Posbus 21114, Proteapark, 0305, Tel: (014) 592-9489. (3/183/R/T)

19-26